

Saterdag 18 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:12

Die Here se troosboodskap vir ons bang tye!

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar (Op. 14:12, 1953-vertaling).

Nadat die drie engele hulle boodskappe verkondig het, volg daar nou 'n troosboodskap deur Johannes! Dit sal 'n baie bang en veeleisende tyd onder die antichris wees. Dis 'n tyd waarin daar veral twee dinge van die ware gelowiges gevra gaan word. Die eerste een is die gawe van onderskeiding – *om te weet wat vir God reg en verkeerd is!* Die tweede is die vermoë om te volhard in die suiwer geloof en in God se waarheid!

Prakties beteken dit die volgende: Die ware gelowiges moet die gebooie van die Here nakom in hierdie tyd waarin alle waarhede deurstreep word. Dit gaan bitter moeilik wees, want die sigbare en die onsigbare magte gaan dit teëwerk met alle mag – met ander woorde sosiale strukture, wetgewing, valse wetenskap en wat nog alles gaan geloof in die Here Jesus verbied.

Die geloof in die Here Jesus Christus mag nie laat vaar of verbuig word nie. In die moderne tyd is daar baie en sterk charismatiese geloofsbewegings aan die gang wat die geloof in die Here Jesus verbuig. Almal van hulle werk met die Bybel in die hand en almal gee voor dat hulle in die Here Jesus roem, maar almal van hulle stel die mens, sy vermoëns, sy voorkeure en sy mag (sogenaamd in die Here Jesus) op die voorgrond. Tipies van hierdie gelowe is die herdoop van sulke bekeerlinge. Hierdie herdoop neem die verbondsinisiatief van God af weg en verplaas dit na die dopeling toe (sonde teen die Heilige Gees?).

Dink hierby aan dinge wat die Here reeds aan Johannes geopenbaar het, soos: *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou (Op. 12:17, 1953-vertaling). Ook: Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon (Op. 2:13, 1953-vertaling).*

Uit die bogenoemde openbaring (aanhalings) is dit duidelik dat die ware gelowiges 'n suiwer lewensband met die Here het en dat hulle deur die Heilige Gees beheers word. Daarom bevestig Johannes dat daar genade is vir die wat lydsaam is. Daar is steeds die mense wat selfs onder die heel moeilikste omstandighede nog die gebooie van die Here sal kan bewaar. Want as hierdie verskriklike tyd vir die aanbidders van die dier begin, begin die lydsame gelowiges se tyd van lieflikheid by God.

Sing: Psalm 34-1:8

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)